**18 September** **Skrifgedeelte: Jesaja 7:1-9:6**

FOKUSGEDEELTE: NGB, ART 18

## Immanuel

Kinders het dikwels name met ’n pragtige betekenis. Margaretha beteken “pêrel” en Hester “ster”. (’n Mens moet egter ’n oupa en ouma word voor jy ’n kind “Plunder-en-Roof-is-Naby” [Jes 8:3] sal noem.) Meesal kies mense egter hulle kinders se name volgens tradisie (familiename) of op klankwaarde.

In ons Skrifgedeelte gebruik God egter kindername om spesifieke boodskappe van genade en oordeel oor te dra. As Agas deur konings Resin en Peka bedreig word moet Jesaja en sy seun Sear-Jasub hom in opdrag van God gaan gerusstel (Jes 7:3). Sear-Jasub beteken “’n oorblyfsel sal terugkeer”.

Wanneer Agas God se bemoediging nie wil aanvaar nie voorspel God die geboorte van ’n kind (vermoedelik Agas se eie kind) wat Immanuel genoem sal word (Jes 7:14). Die kind sal met sy naam teen sy eie vader se ongeloof getuig, want Immanuel beteken “God IS by ons”.

As die koning en volk steeds in hulle ongeloof volhard en selfs spiritisme bo die Woord van die Here verkies (Jes 8:19-20) laat God “Plunder-en-Roof-is-Naby” vir Jesaja gebore word (Jes 8:3), ’n teken van God se komende oordeel en donker tye wat vir die land sal aanbreek (Jes 8:22).

Hierdie donker tye van sonde en oordeel raak van die sondeval af die hele aarde. Ook jou eie bestaan word daagliks daardeur bedreig. Om hierdie duisternis te deurbreek laat God sy eie Kind as mens gebore word. Hy het baie name: Wonderbare Raadsman, Magtige God, Ewige Vader, Vredevors (Jes 9:5). Hy is waarlik “Immanuel”, vir ewig “God met ons”. Sy krag en regering is onbegrens.

Sorg dat jy en die kinders wat die Here aan jou gegee het, vandag in oorgawe aan sy regering lewe. So word julle in ’n donker wêreld lewende getuies van die lig van God se teenwoordigheid (Jes 8:18). So wys jy dat jy ’n waardige draer is van die erenaam wat God jou gegee het: CHRISTEN!

*DR. WC VERGEER (POTCHEFSTROOM-OOS)*

~~~~~~~~~~~~~~~~
~~~~~~~~~~~~~~~~